



EMMAUS SENTRUM NUUSBRIEF 18 Februarie 2015



BEKENDSTELLING VAN ONS NUWE KURSUS

AMPER DAG

'N SESWEKE REIS VIR ALMAL IN DIE NAJAAR VAN HULLE LEWE

Gegrand op die boek en DVD's van Prof Jaap Durand "Dit is Amper Dag"
Leiersgids en Reisjoernale saamgestel deur Eugene Malan

**VIR GEMEENTES WAT DIE POTENSIAAL INSIEN VAN DIE
SINVOLLE BEDIENING VAN MENSE IN DIE
NAJAAR VAN HULLE LEWENS**



Samesteller van die Leiersgids en Reisjoernale - [Eugene Malan](#)


Kyk na die DVD (oor die AANPAK, STRUKTUUR EN TEMAS) - [Klik hier](#)

Meer oor die DOEL VAN DIE REIS - [Klik hier](#)

MATERIAAL EN KOSTES - [Klik hier](#)

BESTELLINGS - [Klik hier](#)

1. Hierdie is jou eerste treë op die reis van nadenke oor die *najaar van die lewe*.
2. Dit is 'n reis waarin daar op die unieke behoeftes, worstelinge en vrae van ouerwordende persone, vanuit 'n geloofsperspektief, gefokus word.
3. Dit is 'n reis wat jou sal bemoedig, insig gee en versterk met geloofsankers wat hul soliede grondslag in God se trou vind.



[Prof Jaap Durand, skrywer van “Dis Amper Dag”](#)



In die die kursus handel **Jaap Durand** oor die twyfel en geloofskwessies van mense in die **laaste fase van hulle lewe**. Na aanleiding van sy boek “**Dit Is Amper Dag**” praat hy reguit en opreg oor ouer mense se stryd en vreugdes.

Die reis word in drie dele verdeel.

In die **eerste gedeelte** praat hy oor die sogenaamde “**laaste**” of “**finale**” fase van enige mense se lewe. Hy gee aandag aan die **onsekerhede en skuldgevoelens wat in die fase** ‘n mens mag besig hou – veral gegewe die feit dat jy meer tyd op jou hande het!

In die **tweede gedeelte** word gefokus op die pad wat agter die rug is. Ons het nou tot hiertoe gekom. Was die lewe ‘n lus of ‘n las? Na aanleiding van die Pauliniese teologie bespreek Jaap Durand eerlik die **ononderbroke stryd van die geloof**. Hy praat oor die “bose magte en kragte” waarna Paulus verwys.

Maar die reis bestaan nie net uit stryd nie. **Daar is ook die ononderbroke rus van die geloof**. Ten spyte van die “doring in die vlees” kan Paulus van baie rus getuig. Waar kry hy die krag vandaan om die rus te geniet? Durand dui dit treffend aan deur te kyk na die gehele Bybel-konteks.

In die **derde gedeelte** probeer hy tipies skugter antwoorde soek op die vraag: **Wat lê in die toekoms?** Prof Jaap behandel in die laaste gedeelte sy totale afwysing van die sogenaamde “tussen-toestand” wat sovele gelowiges onseker gemaak het oor die lewe na die dood. Hy wys dit ten sterkste af en gee met goeie reg antwoorde uit die Skrif wat die lering afwys.

Opgestel deur Deon Kitching

Vir die Emmaus Sentrum, www.emmaussentrum.co.za, emmausinfo@mweb.co.za,
Posbus 111, Paarl, 7646